Die Reserwebank se onlangse *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* het gekonstateer dat Suid-Afrika se afhanklikheid van gouduitvoerverdienstes as 'n bron van buitelandse valuta besig is om af te neem; die aandeel van Suid-Afrika se netto gouduitvoer in die land se totale uitvoerverdienstes het van 44½ persent in 1980 tot slegs 28 persent in die eerste helfte van 1989 ingekrimp. Selfs op hierdie verminderde peil van relatiewe belangrikheid het bewegings in die dollarprys van goud oor die afgelope aantal maande egter nog steeds groot en wydvertakte invloede op die Suid-Afrikaanse ekonomie uitgeoefen. Soos in die verskillende afdelings van hierdie *Oorsig* in meer besonderhede bespreek word, het die versnelde daling in die goudprys, vanaf meer as VSA\$412 per fyn ons aan die begin van 1989 tot minder as VSA\$360 aan die begin van die vierde week van Mei, in die tweede kwartaal van 1989 'n neerdrukkende uitwerking gehad op die *reële* toegevoegde waarde van die goudmynbedryf, en gevoglik ook op die *reële* toegevoegde waarde van die hele mynbou-sektor en van die verskillende primêre sektore gesamentlik. Terselfdertyd het die goudprysdaling van selfsprekend ook bygedra tot die inkrimping van die

oorskot op die lopende rekening in die tweede kwartaal, en derhalwe tot verswakking van die wisselkoers en tot afwaartse druk op die buitelandse reserwes. Dit het ook 'n rol gespeel by die vorming van rentekoersverwagtings op die geld- en kapitaalmarkte, wat weer 'n terugkoppelingsinvloed gehad het op die likwiditeitsvoordeur van beleggers en op herintermediasiekynsels en gevoglik op die waargenome groeikoers van die geldvoorraad; en dit het die herstel van die prys van goudmynaandele belemmer of omgekeer, waardoor die verloop van die totaal-indeks van alle aandelepryse op die Johannesburgse Effektebeurs in beduidende mate beïnvloed is.

Op die terrein van monetêre en kredietgebeure was die tweede kwartaal van 1989 getuie van 'n betekenisvolle daling in die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die kwartaallikse gemiddeldes van die eise van die monetêre instellings teen die private sektor, en wel tot 'n jaarvlak van 13 persent. Die groeikoers van M3 was egter nog steeds hoër as die gelyktydige koers van toename in die bruto binnelandse produk teen heersende prys. Die omloopsnelheid van M3 het in hierdie kwartaal derhalwe 'n verdere, ofskoon slegs marginale, daling getoon vanaf die hoogtepunt waarop dit in die eerste kwartaal van 1987 te staan gekom het. In die lig van verslae oor die stewige kredietvraag van maatskappye, lyk dit waarskynlik dat die onlangse verlangsamings van die kredietverlening deur monetêre instellings aan private leners 'n beduidende tempo-afname van die groei in verbruikerskuld weerspieël het.

Op die kapitaalmarkte is verhoogde omsette van effekte van die openbare sektor en van vaste eiendom aangeteken. Die bedrywigheid met betrekking tot nuwe uitgiftes was in die tweede kwartaal van 1989 beduidend hoër as in die daarvan voorafgaande drie maande. 'n Geringe daling het egter in die omset van maatskappy-aandele op die effektebeurs voorgekom. Die gemiddelde vlak van alle aandelepryse het in die tweede kwartaal gestagneer onder die invloed wat die verswakkende dollarprys van goud daarop uitgeoefen het, maar het in Julie weer op hoër vlakke te staan gekom as wat sedert die prysineenstorting van Oktober 1987 daarin aangeteken is.

Op die gebied van die staatsfinansies is daar gedurende die eerste vier maande van die fiskale jaar 1989/90, teenoor die eerste vier maande van 1988/89, sowel in die skatkisontvangste as in die *reële* skatkisuitreikings (waarvan reeds melding gemaak is) koers van toename aangeteken wat die toenamekoers in die Begrotingsvoorstelle ten opsigte van die fiskale jaar in sy geheel aansienlik oorskry het. Die beperkte omvang van die tekort voor lenings in die betrokke vier maande het daarop gedui dat die uiteindelike tekort vir die fiskale jaar 1989/90 in sy geheel bes moontlik kleiner sal wees as wat die Begrotingsvoorstelle voor oë gehad het; 'n begrotingsoorskot is in werklikheid, vir die eerste maal in alle Juliemaande sedert 1974, in Julie 1989 te boek gestel.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie

Die groei in die reële bruto binnelandse produk van die Suid-Afrikaanse ekonomie het in die derde en die vierde kwartaal van 1988 seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van $3\frac{1}{2}$ persent en bykans 3 persent bereik en in die kalenderjaar 1988 ietwat meer as 3 persent beloop. Daarná het die groeitempo egter verlangsaam tot jaarkoerse wat in die eerste en die tweede kwartaal van 1989 op $1\frac{1}{2}$ persent en op slegs $\frac{1}{2}$ persent te staan gekom het. Anders as in die geval van vroeëre tydelike insinkings in die reële groeikoers in die tweede kwartale van 1987 en 1988, kan die progressiewe verslapping van die produksietoenames in die eerste helfte van 1989 – wat 'n voortsetting beteken het van 'n verlies aan stukrag in die groei wat reeds vanaf die derde kwartaal van 1988 waarneembaar geword het – bykans met sekerheid beskou word as 'n verdere aanduiding dat die opwaartse konjunkturbeweging van 1986 tot 1988 teen die einde van 1988 self ten einde geloop het. Vanaf ongeveer die begin van 1989 het die Suid-Afrikaanse ekonomie hom dus in 'n konsolidasiefase bevind.

Die reële bruto binnelandse produk in die *nie-landbousektore* van die ekonomie het in werklikheid in die tweede kwartaal van 1989 effens ingekrimp teen 'n


jaarkoers van ongeveer $\frac{1}{2}$ persent. Die *vlak* van die totale reële binnelandse produksie was in die eerste helfte van 1989 egter nog steeds meer as 2 persent hoër as in die eerste helfte van 1988. Onder andere ook met inagneming van die goeie vooruitsigte vir die landbouproduksie gedurende die oorblywende deel van 1989, kan dit heel moontlik blyk dat die totale bedrywigheid in die eerste twee kwartale van 1989 nog in ooreenstemming was met vroeëre projeksies waarvolgens die reële groeikoers oor die jaar in sy geheel ongeveer 2 persent sal beloop.

Verbeterde weersomstandighede in die somerreënvalstreke in 1988/89 het 'n gunstige uitwerking op die landbouproduksie gehad. Die totale reële produksie van alle *primêre* sektore van die ekonomie het in die tweede kwartaal van 1989 nietemin teen 'n jaarkoers van $\frac{1}{2}$ persent gedaal. Dit kon aan 'n aansienlike afname – teen 'n jaarkoers van byna 8 persent – in die reële toegevoegde waarde van die mynbousektor toeskryf word. Die reële produksie van die steenkoolmynbou en ander nie-goud-mynboubedrywighede is in die tweede kwartaal van 1989 opgestoot deur aansienlike toenames in die fisiese hoeveelhede van die uitvoer van minerale. Daarteenoor is die reële toegevoegde waarde van die goudmynbou nadelig beïnvloed deur die bestendig afwaartse neiging van en die deurgaans ongunstige vooruitsigte vir die dollarprys van goud, die dalende goudgehalte van die erts wat deur 'n aantal myne vergruis is, die stygende koste van mynboubedrywighede, en die feit dat die gemiddelde randprys van goud per fyn ons vanaf die tweede kwartaal van 1988 tot die tweede kwartaal van 1989 per saldo feitlik hoegenaamd geen styging getoon het nie. As gevolg hiervan is die toename in die reële toegevoegde waarde van die nie-goud-mynbousektor meer as geneutraliseer deur die afname in die reële opbrengs van die goudmynbedryf.

Die reële toegevoegde waarde van die fabriekswese het gedurende die grootste deel van die opwaartse konjunkturbeweging van 1986-1988 tot die middel van 1988 vergelykenderwys vinnig gestyg maar vanaf die tweede helfte van 1988 meer horisontaal begin verloop. In die eerste twee kwartale van 1989 het dit in werklikheid in ligte mate afgeneem, naamlik teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van $\frac{1}{2}$ en 2 persent. Die *vlak* van die reële fabrieksproduksie was in die tweede kwartaal van 1989 nietemin nog steeds ongeveer $4\frac{1}{2}$ persent hoër as in die tweede kwartaal van 1988.

'n Verslapping van die reële groeikoerse kon ook in bykans alle ander sektore van die ekonomie bespeur word. Die sektor vervoer, opberging en kommunikasie het egter 'n opmerklike uitsondering hierop gelewer. Hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die fisiese hoeveelhede van sowel die uitvoer as die invoer in die tweede kwartaal van 1989 aansienlik toegeneem het, het die reële toegevoegde waarde van vervoer, opberging en kommunikasie gedurende hierdie kwartaal

Reële bruto binnelandse produk



teen 'n jaarkoers van $4\frac{1}{2}$ persent gestyg. Die reële uitvoer en invoer van goedere en nie-faktordienste het in die eerste kwartaal van 1989 teen jaarkoerse van 15 persent en 4 persent ingekrimp maar in die daaropvolgende drie maande in albei gevalle teen uitsonderlik hoë jaarkoerse van meer as 50 persent toegeneem.

Binnelandse besteding


Die totale reële bruto binnelandse besteding het in die tweede helfte van 1988 afgeneem, in die eerste kwartaal van 1989 teen 'n jaarkoers van 6 persent gestyg, maar in die tweede kwartaal van 1989 weer eens teruggesak. Die tempo van die hernieuwe inkrimping in die totale reële binnelandse besteding het in die tweede kwartaal van 1989 'n voorlopig geraamde jaarkoers van ongeveer 2 persent beloop. As gevolg hiervan was die vlak van die totale reële binnelandse besteding in die tweede kwartaal van 1989 in werklikheid ongeveer 2 persent laer as in die tweede kwartaal van 1988. *Tesame met* die matige verdere toenames in die reële binnelandse produksie (wat oor die betrokke vier kwartale met ongeveer 2 persent gestyg het), was hierdie matige afwaartse neiging in die reële binnelandse besteding oor die afgelope vier kalenderkwartale uiteraard ook die kernoorsaak van die feit dat oorskotte weer eens op die lopende rekening van die betalings-

balans aangeteken kon word, nadat die lopende rekening in die eerste kwartaal van 1988 kortstondig in 'n geringe tekortposisie beland het.


Die *reële finale binnelandse vraag* – bestaande uit die somtotaal van die reële private en owerheidsverbruiksbesteding en die reële bruto binnelandse vaste investering – het in die tweede kwartaal van 1989 teen 'n jaarkoers van ongeveer $1\frac{1}{2}$ persent gedaal. Dit wil voorkom of hierdie vraagverslapping 'n weerspieëeling was van spontaan groter versigtigheid in die bestedingsgedrag van huishoudings en van die onbestendigheid in die owerheidsverbruiksbesteding van kwartaal tot kwartaal, sowel as van die ekonomie se reaksies op die veranderde ingesteldheid van die owerhede se monetêre, fiskale en kredietbeleid, wat vanaf vroeg in 1988 geleidelik meer beperkend gemaak is.

Die toename in die *reële private verbruiksbesteding* het in 1988 teenoor 1987 bykans 5 persent bedra, maar vervolgens tot jaarkoerse van ongeveer 2 persent in die eerste kwartaal en van ongeveer 1 persent in die tweede kwartaal van 1989 verlangsaam. Hierdie

Reële bruto binnelandse besteding



Reële besteding aan duursame verbruiksgoedere



verlangsaming het voortgespruit uit versnelde afnames in huishoudings se reële aankope van duursame goedere en uit beduidende verlangsamings van die koerse van toename in die reële besteding aan semi-duursame en nie-duursame goedere en aan dienste.

Huishoudings se reële besteding aan nuwe motorvoertuie het aan die begin van die tweede kwartaal van 1989 'n skerp maar kortstondige herstel getoon deurdat kopers vooruitgeloop het op die verwagte invloed van die instelling van 'n nuwe plaaslike-inhoudsprogram vir die motornywerheid vanaf Junie, en ook vanweë die bekendstelling van sekere nuwe motorvoertuigmodelle. Die totale reële besteding van die private sektor aan alle duursame verbruiksgoedere het in die tweede kwartaal van 1989 nietemin verder gedaal, en wel teen 'n jaarkoers van ongeveer 4 persent. Dit was 'n weerspieëeling van afnames in die reële besteding aan persoonlike vervoertoerusting sowel as aan meubels en huishoudelike toebehore.

Die reële besteding van die private sektor aan semi-duursame verbruiksgoedere het in die tweede kwartaal van 1989 nog teen 'n jaarkoers van 1 persent toegeneem; die jaarkoerse van toename in die reële besteding deur huishoudings aan nie-duursame goedere en aan dienste het albei ongeveer $1\frac{1}{2}$ persent bedra. Die feit dat huishoudings se besteding aan semi-duursame goedere nog reële groei getoon het – alhoewel teen matige koerse – kon in die besonder toegeskryf word aan hoér reële uitgawes in sekere subkategorie van hierdie besteding soos klerasie en skoeisel en motoronderdele en -toebehore. Verhoogde besteding aan die instandhouding van persoonlike vervoertoerusting was op sy beurt weer 'n voor die hand liggende teenhanger van die afname in die uitbreidings- en vervangingsvraag na nuwe motorvoertuie; laasgenoemde is afwaarts beïnvloed deur die uitwerking van onlangse beleidsmaatreëls, wisselkoers- en ander ontwikkelings op die pryse van motorvoertuie, en op huishoudings se bereidwilligheid om die vlak van hul uitstaande verbruikerskrediet verder te verhoog.

In weerwil van die duidelike verslapping van die groei in die private sektor se reële verbruiksbesteding oor die afgelope paar kwartale, kan verskeie redes aangevoer word waarom enige *afname* in die reële verbruiksbesteding – indien so 'n afname hoegenaamd wel sou voorkom – waarskynlik meer beperk sou bly en meer geleidelik sou plaasvind as wat die geval was ten tyde van die skerp afwaartse aanpassing in hierdie besteding vanaf die tweede helfte van 1984 tot die eerste kwartaal van 1986. In die eerste plek is die algemene vlak van die verbruikersvertroue tans baie hoér as teen die einde van 1984 en in 1985. In die tweede plek sou enige verdere verslapping van die groei in die reële verbruiksbesteding van die private sektor plaasvind binne die algemene milieu van 'n ekonomie wat lyk asof dit op 'n "sagte landing" afstuur en waarin daar nog ruimte beskikbaar is waarbinne die totale reële bruto binne-

landse besteding en die reële ekonomiese bedrywigheid teen matige tot beskeie groeikoerse 'n sekere verdere uitbreiding kan toon.

In die derde plek het die vergelykenderwys groot verhogings van die nominale lone sowel as verbeterings in die reële inkome uit eiendom (weens gunstige toestande in die landbou en beduidende toenames in dividende verklaar en in rente ontvang) meegebring dat totale reële persoonlike beskikbare inkome vanaf die vierde kwartaal van 1988 betekenisvol verstewig het. Die gemiddelde jaarkoers van toename in die totale reële persoonlike beskikbare inkome in die vierde kwartaal van 1988 en die eerste helfte van 1989 (wat meer as $2\frac{1}{2}$ persent beloop het), het 'n matige toename in die reële persoonlike beskikbare inkome per hoof van die bevolking tot gevolg gehad. In die laaste plek word veral die totale reële besteding aan nie-duursame goedere ook ondersteun deur die stabiele en vergelykenderwys lewendige vraag na hierdie soort goedere onder die laer-inkomstegroepe, waarvan ook deur die lewendige sakebedrywigheide van die sogenaamde "spaza"-winkels in die swart metropolitaanse gebiede bewys gelewer word.

Die *reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid* het in die eerste kwartaal van 1989 (dit wil sê in die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1988/89) buitengewoon vinnig (naamlik teen 'n jaarkoers van meer as 40 persent) gestyg maar in die tweede kwartaal van 1989 teen 'n jaarkoers van $11\frac{1}{2}$ persent teruggeval. Die vlak van die reële uitgawes in hierdie bestedingskategorie was in die tweede kwartaal van 1989 nietemin nog steeds 3 persent hoér as in die tweede kwartaal van 1988; die stygingstempo van die vlak van die owerheid se reële verbruiksuitgawes oor die afgelope vier kwartale was dus aanmerklik hoér as die 2 persent waarmee die reële bruto binnelandse produk oor die betrokke periode toegeneem het.

Soortgelyke koerse van toename is deur die twee hoofkomponente van die reële owerheidsverbruiksbesteding – naamlik vergoeding van werknemers soos dit aan die hand van die werkverskaffing in die dienstedepartemente van die algemene owerheid gemeet word, en besteding aan intermediêre goedere en dienste – in die eerste kwartaal van 1989 aan die dag gelê. In die tweede kwartaal van 1989 het die totale reële vergoeding van werknemers egter voortgegaan om teen 'n matige jaarkoers van $1\frac{1}{2}$ persent te styg, terwyl die reële besteding aan intermediêre goedere en dienste in teenstelling daarmee teen 'n jaarkoers van ongeveer 17 persent teruggesak het. In die eerste helfte van 1989 het die reële salarisbetalings en die reële aankope van intermediêre goedere en dienste van die algemene owerheid hul teenhangers in die eerste helfte van 1988 met $2\frac{1}{2}$ persent en met nie minder nie as $9\frac{1}{2}$ persent oorskry.

Die *totale reële bruto binnelandse vaste investering* het van 1987 tot 1988 met $6\frac{1}{2}$ persent en in die eerste kwartaal van 1989 teen 'n jaarkoers van 5 persent

gestyg. Hierdie koers van toename het in die tweede kwartaal van 1989 vervolgens egter verder verswak tot 'n jaarvlak van 3 persent, hoofsaaklik op grond van verdere besnoeiings van die reële vaste kapitaaluitgawes deur die openbare owerhede en vanweë hernieuwe verminderings van die reële vaste kapitaalvorming deur die openbare korporasies. Die reële bruto vaste investering in die private sektor, wat in 1988 met nie minder nie as 16 persent teenoor 1987 toegeneem het, en in die eerste drie maande van 1989 verder verstewig het teen 'n jaarkoers van $7\frac{1}{2}$ persent, het in die tweede kwartaal van 1989 in werklikheid 'n weer ietwat versnelde toename getoon, naamlik teen 'n jaarkoers van 9 persent.


Aanmerklike stygings in die reële vaste kapitaalvorming van die private sektor kon in die tweede kwartaal van 1989 opgemerk word in sektore soos die fabriekswese, die handel, vervoer en finansies. Die feit dat hierdie soort besteding geruime tyd ná die bereiking van die veronderstelde boonste draaipunt van die algemene konjunktuurgolf verder verstewig het, was in belangrike mate slegs 'n weerspieëeling van die sloerings wat hulle normaalweg voordoen tussen konjuncturele stygings in die produksie en die verkoop van sakeondernemings en die tydstippe waarop sakeondernemings by wyse van uitbreiding van hul fisiese produksiekapasiteit op sodanige stygings reageer. Op sy peil van 84,7 persent was die mate van kapasiteitsbenutting in die fabriekswese in die tweede kwartaal van 1989 egter ook bykans een-tiende hoër as die mate van kapasiteitsaanwending van 77,7 persent wat in die tweede kwartaal van 1986, dit wil sê aan die begin van die konjuncturele opgangsfase van 1986 tot 1988, bestaan het, en was dit ook effens hoër as die hoogtepunt wat in die mini-boom van 1983-1984 in die besettingsgraad aangeteken is. Hierbenewens het verskeie nywerhede hulle ten doel gestel om hul produksiekapasiteit of produksievaardighede uit te brei of aan te pas met die oog op 'n meer aktiewe ontginning van die uitvoermark. Ten slotte was daar ook agterstallighede in vermuwingsprosesse en agterstande in tegnologie wat – ná die jare van 1986 tot die eerste helfte van 1988, waarin die bedrywigheid op die gebied van die vaste investering deurgaans baie laag was – ingehaal of reggestel moes word.

Die reële bruto vaste investering in die fabriekswese was, vir die eerste keer sedert die begin van die konjunkturdaling in die reële bruto vaste kapitaalvorming in die eerste kwartaal van 1985, in die eerste helfte van 1989 in werklikheid groter as die waardeverminderingstoelaes met betrekking tot die fabriekswese se vaste kapitaalvoorraad. Die verhoogde vaste-investingsbedrywigheide in die eerste helfte van 1989 het derhalwe tot gevolg gehad dat daar vir die eerste maal in 'n periode van meer as vier jaar in werklikheid weer sekere netto toevoegings – alhoewel slegs baie geringe toevoegings – tot die fisiese produksie-apparatuur van die fabriekswese gemaak is.

Die reële vaste kapitaaluitgawes van die openbare korporasies het in die derde en die vierde kwartaal van 1988 en die eerste kwartaal van 1989 aansienlik gestyg maar in die tweede kwartaal afgeneem. Die reële vaste investering van die openbare owerhede het in die eerste kwartaal van 1989 afgeneem en in die tweede kwartaal teen 'n jaarkoers van $3\frac{1}{2}$ persent met hierdie afname voortgegaan. 'n Aanmerklike toename in die vaste kapitaalvorming deur die sakeondernemings van die algemene owerheid – met name deur die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese – is meer as ten volle geneutraliseer deur verminderings van die reële vaste kapitaalbesteding op al drie vlakke van die algemene owerheid self.

'n Ontleding van die bruto binnelandse vaste investering in die tweede kwartaal van 1989 volgens die verskillende soorte kapitaalbates toon verdere versnelings in die woningbou en in die reële besteding aan vervoer, masjinerie en toerusting. Die reële besteding aan private woongeboue het in die loop van die opwaartse konjunkturbeweging van 1986 tot 1988 'n heelwat bo-gemiddelde herstelttempo aan die dag gelê. Die gemiddelde jaarkoers van toename van $6\frac{1}{2}$ persent in hierdie soort besteding gedurende die dertien kwartale vanaf die tweede kwartaal van 1986 tot die tweede kwartaal van 1989 (teenoor die gemiddelde jaarkoers van toename van slegs 2 persent in die totale reële bruto binnelandse vaste investering gedu-

Reële investering in private woongeboue



rende dieselfde tydperk) het meegebring dat die aan-deel van die private woningbou in die totale vaste investering beduidend, naamlik vanaf $9\frac{1}{2}$ persent in die tweede kwartaal van 1986 tot 12 persent in die tweede kwartaal van 1989, uitgebrei het. Teenoor hierdie volgehoue krag van die woningbou het die reële besteding aan nie-woongeboue en aan konstruksiewerke in die tweede kwartaal van 1989 egter 'n daling getoon.

Alhoewel die *reële voorraadinvestering* in die tweede kwartaal van 1989 nog steeds positief gebly het, was dit beduidend kleiner as in die voorafgaande kwartaal. Afnames is in die reële voorrade van die nie-goud-mynbousektor, die reële landbouvoorraade en die diamantvoorraade-in-die-handel aangeteken. Dit kon grotendeels toegeskryf word aan die skerp stygging wat in die tweede kwartaal van 1989 in die fisiese hoeveelhede van die uitvoer van minerale produkte aangeteken is.

Hierteenoor is daar toenames in die nywerheids- en handelsvoorraade aangeteken. Dit was gedeeltelik 'n weerspieëling van die groot toename in die hoeveelheid van die goedere-invoer wat, ten spyte van 'n matige inkrimping van die totale reële binnelandse finale vraag en van 'n verdere verlangsamming van die groeikoers van die totale reële ekonomiese bedrywig-

heid, in die tweede kwartaal van 1989 plaasgevind het. In verhouding tot die bruto binnelandse produk in die nie-landbousektore van die ekonomie, het die vlak van die nywerheids- en handelsvoorraade van 'n onlangse laagtepunt van $19\frac{1}{2}$ persent in die vierde kwartaal van 1988 tot net meer as 21 persent in die tweede kwartaal van 1989 gestyg.


Faktorinkome en besparing

Die nominale faktorinkome *teen markpryse*, wat in die eerste kwartaal van 1989 gedeeltelik as gevolg van verskeie verhogings van indirekte belastings teen 'n versnelde jaarkoers van 18 persent toegeneem het, het in die tweede kwartaal teen 'n jaarkoers van ongeveer $19\frac{1}{2}$ persent gestyg. Hoewel albei hierdie koerse van toename hoër was as die jaarkoers van toename van kwartaal tot kwartaal in die vierde kwartaal van 1988, was dit nogtans marginaal laer as die toenamekoerse in die eerste twee kwartale van 1988. Dit kon toegeskryf word aan die verdere verlangsaming van die reële ekonomiese groei wat sedert die begin van 1989 na vore gekom het.

'n Ontleding van die komponente van die nominale faktorinkome *teen faktorkoste* toon dat die jaarkoers van toename in die *bruto bedryfsurplus* van sakeondernemings vanaf 'n betreklik laevlak van 8 persent in die eerste kwartaal van 1989 tot 16 persent in die tweede kwartaal gestyg het; hierdie meer onlangse koers van toename was baie ná aan die gemiddelde groeikoers wat die totale bruto bedryfsurplus in die kalenderjaar 1988 aan die dag gelê het. Verbeterde bedryfsurplusse van sakeondernemings het wyd versprei deur die ekonomie voorgekom. Die bedryfsurplus van die mynbousektor, wat in die eerste kwartaal van 1989 *gedaal* het, het in die tweede kwartaal teen 'n jaarkoers van $14\frac{1}{2}$ persent gestyg, waarby die verhoogde uitvoerbedrywighede en die groter lewenskrigtheid van die winste van nie-goud-mynboumaatskappye gedurende daardie kwartaal 'n betekenisvolle rol gespeel het.

Die jaarkoers van toename in die totale *nominale arbeidsvergoeding* het van $23\frac{1}{2}$ persent in die vierde kwartaal van 1988 tot $22\frac{1}{2}$ persent in die eerste kwartaal van 1989 en tot $19\frac{1}{2}$ persent in die tweede kwartaal ingekrimp. Die stygging van jaar tot jaar in die totale arbeidsvergoeding in die eerste *helfte* van 1989 teenoor die eerste helfte van 1988, wat $17\frac{1}{2}$ persent beloop het, was egter nog steeds hoër as die toename van ongeveer $16\frac{1}{2}$ persent wat van die jaar 1987 tot die jaar 1988 aangeteken is. Die versnelde koerse van toename in die nominale vergoedingspakkette gedurende die afgelope paar kwartale was onder andere 'n weerspieëling van verbeterde diensvooraardes in die werkverskaffing deur openbare owerhede en van die verskerpte looneise wat ooreenkomsdig die hernieuwe versnelling van die inflasiekosse en die verswakking van inflasieverwagtings deur die vakbondes gestel is.

Verandering in voorrade



Die verhouding van die *bruto binnelandse besparing* tot die bruto binnelandse produk het in die tweede kwartaal van 1989 geen verandering getoon van die vlak van 22½ persent waarop dit in die eerste kwartaal te staan gekom het nie. Hierdie vlak was effens hoër as die gemiddelde verhouding van bykans 22 persent in die kalenderjaar 1988.


Die netto besparing deur maatskappye het in die tweede kwartaal van 1989 as gevolg van hoër belasting- en dividendbetalings effens afgeneem. Hierteenoor het die netto *ontsparing* deur die algemene owerheid ook afgeneem op grond van die afname in die algemene owerheid se reële verbruiksbesteding gedurende daardie kwartaal en vanweë die feit dat die ontvangste aan direkte en indirekte belastings aansienlik gestyg het. Die verhouding van die persoonlike besparing tot die persoonlike beskikbare inkome het van 1½ persent in die eerste kwartaal van 1989 tot 2 persent in die tweede kwartaal verstewig. Dit kon toegeskryf word aan die betreklik aanmerklike stygings in die totale reële persoonlike beskikbare inkome vanaf die vierde kwartaal van 1988 tesame met die feit dat die reële verbruiksbesteding van huishoudings oor die afgelope paar kwartale teen duidelik meer gematigde koerse toegeneem het.

Werkverskaffing

Toenames in die werkverskaffing in die nie-landbou-sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie het gedurende die konjunkturopgang van 1986-1988 slegs matig, naamlik van 0,5 persent in 1986 tot 1,1 persent in 1988, versnel. In die loop van 1988 het die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die totale werkverskaffing buite die landbou (ná seisoensaansuiwing en teen 'n jaarkoers bereken) in die eerste kwartaal van die jaar 'n hoogtepunt van 2,2 persent bereik. Daarna het hierdie koers egter weer tot 1,1 persent in die vierde kwartaal van 1988 en tot slegs 0,4 persent in die eerste kwartaal van 1989 afgeneem.

Toenames in die werkverskaffing in die *private sektor* het van 'n jaarkoers van minder as 0,3 persent in die tweede kwartaal van 1988 tot 2,1 persent in die derde kwartaal verstewig, maar in die vierde kwartaal tot 1,1 persent teruggesak. Daarna het die private werkverskaffing – hoofsaaklik as gevolg van hernieuwe afankings in die mynbou en ook vanweë personeelvermindering in sekere dienstebedrywe soos die bankwese, landboubemarkingsrade, hotelle, wasserye en droogskoonmakerye – in die eerste kwartaal van 1989 in werklikheid teen 'n jaarkoers van 0,3 persent afgeneem. Inligting wat tans vir die tweede kwartaal van 1989 beskikbaar is, toon dat die werkverskaffing in die private fabriekswese verder toegeneem het (alhoewel teen 'n slegs baie lae koers), maar in die konstruksiebedryf afgeneem het. In teenstelling hiermee het die toename in die werkverskaffing deur *openbare owerhede* van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 0,3

Werkverskaffing buite die landbousektor



percent in die tweede kwartaal van 1988 tot 1,0 percent in die vierde kwartaal en tot 'n vergelykenderwys hoë syfer van 2,1 percent in die eerste kwartaal van 1989 versnel.

Die verhouding van oortyd tot normale ure gewerk in die fabriekswese en in die konstruksiebedryf, wat in die loop van die konjunkturopgang van 1986 tot 1988 in vergelyking met vorige konjunkturopolewings in die sewentigerjare en in die vroeë jare tagtig op betreklik lae vlakke gebly het, het in die derde kwartaal van 1988 skynbaar sy konjuncturele hoogtepunt bereik. In die daaropvolgende twee kwartale het dit effens verswak maar in die tweede kwartaal van 1989 weer 'n geringe herstel getoon.

Die aantal geregistreerde *werklose* Blanke, Kleurling- en Asiérwerkers het van 'n konjuncturele hoogtepunt van 82 300 in Augustus 1986 tot 45 100 in Januarie 1989 – wat die vermoedelike konjuncturele laagtepunt van hierdie syfer aandui – afgeneem. Daarna het dit in April 1989 tot 51 600 gestyg maar in Mei nogmaals effens, naamlik tot 50 100, gedaal. Die totale aantal geregistreerde werkloses het eers vanaf so laat as September 1987 begin afneem, naamlik vanaf 136 900 in daardie maand tot 107 200 in Februarie 1989, maar vervolgens na 'n vlak van 117 100 in Mei 1989 terugbeweeg.

Die aantal werklose Swart werkers, soos dit deur die Lopende Bevolkingsopname gemeet word, het afgeneem van meer as een miljoen in Augustus 1987 tot slegs 732 000 in April 1989, maar vanaf hierdie laagtepunt weer tot 789 000 in Mei gestyg. In verhouding

tot die geraamde Swart arbeidsmag het hierdie skommelings beteken dat die werkloosheidskoers vanaf ongeveer 15,5 persent in Augustus 1987 tot ongeveer 11,2 persent in April 1989 gedaal maar vervolgens weer tot 11,8 persent in Mei 1989 toegeneem het.

Arbeidskoste en produktiwiteit


Die koers van toename van jaar tot jaar in die gemiddelde jaarlike bedrag van die nominale salaris en lone per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie het gedurende die opwaartse konjunktuurbeweging van 1986-1988 van 14,4 persent in 1986 tot 16,0 persent in 1988 gestyg. Die verdere versnelling van die styging in die gemiddelde nominale loon in 1988 kon uitsluitend toegeskryf word aan die verhoogde tempo waarteen die lone in die private sektor toegeneem het; hierdie koers het 'n vlak van 17,7 persent bereik. In teenstelling hiermee het die koers van toename in die gemiddelde nominale loon wat deur die openbare owerhede betaal is, van 15,0 persent in 1987 tot 12,4 persent in 1988 afgeneem.

Die koers waarteen die nominale bedrag van die loon per werker in die private sektor buite die landbou van jaar op jaar toegeneem het, het ook in die loop van 1988 van 'n gemiddelde van 17,4 persent in die eerste helfte van die jaar tot 17,9 persent in die tweede helfte versnel. Daarna het hierdie koers egter betreklik skielik tot 14,9 persent in die eerste kwartaal van 1989 teruggesak. Weer eens in teenstelling met hierdie verloop van sake in die private sektor, het die koers van toename van jaar op jaar in die nominale loon per werker wat deur die openbare owerhede betaal is, in die loop van 1988 van 16,4 persent in die eerste helfte van die jaar tot slegs 8,7 persent in die tweede helfte verlangsaam. Daarna het dit in die eerste kwartaal van 1989 egter skerp, naamlik tot nie minder nie as 18,9 persent, gestyg.

Die terughoudendheid wat in die tweede helfte van 1988 ten aansien van salarisverhogings deur die openbare owerhede toegepas is, het nog steeds tot gevolg gehad dat die koers van toename van jaar op jaar in die gemiddelde nominale bedrag van die arbeidsvergoeding van alle nie-landbouwerkens van die eerste tot die tweede helfte van 1988 wel verlangsaam het. Hierdie koers het nietemin vanaf 14,7 persent in die derde kwartaal van 1988 tot 15,2 persent in die vierde kwartaal en tot 16,2 persent in die eerste drie maande van 1989 gestyg.

Die versnelling van die toename in die nominale lone van 1987 tot 1988, en die hernieuwe versnelling wat hierdie toenames oor die afgelope paar kalenderkwartale aan die dag gelê het, het daartoe bygedra dat die grootste deel van die verbeterings van jaar op jaar wat in die onlangse verlede in die gemiddelde reële loon van alle nie-landbouwerkens aangeteken is, wel behoue gebly het, ondanks die feit dat die meeste inflasiekoerse vanaf vroeg in 1988 ook weer hernieuwe ver-

Gemiddelde vergoeding per werker buite die landbou-sektor



snellings getoon het. Die gemiddelde reële loon per werker was in 1988 2,9 persent hoër as in 1987. Op 'n kwartaalbasis het die gemiddelde reële loon per werker in die derde en die vierde kwartaal van 1988 en in die eerste kwartaal van 1989 hul teenhangers van een jaar vroeër met 2,0, 2,5 en 2,4 persent oorskry.

Die betreklik indrukwekkende koerse van toename wat vanaf die tweede kwartaal van 1988 in die arbeidsproduktiwiteit buite die landbou aangeteken is, was in belangrike mate daarvoor verantwoordelik dat die styging van jaar op jaar in die nominale arbeidskoste per eenheid fisiese produksie tot 11,4 persent in die derde kwartaal van 1988 en tot 12,2 persent in die vierde kwartaal beperk gebly het. In die eerste kwartaal van 1989 het die tempo van die verbetering in die arbeidsproduktiwiteit van jaar op jaar egter tot 2 persent afge neem. Tesame met die versnelde toename in die gemiddelde nominale loon van alle werkens buite die landbousektor, het dit meegebring dat die styging van jaar op jaar in die nominale arbeidseenheidskoste self tot 13,9 persent versnel het.

Die reële arbeidskoste per eenheid fisiese produksie het in die resessiejaar 1985 en in die vroeë opgangs jare 1986 en 1987 gedaal. As gevolg van die feit dat die koerse van toename in die reële loon per werker en in die fisiese arbeidsproduktiwiteit mekaar by benadering

geëwenaar het, het die reële arbeidseenheidskoste vervolgens in 1988 nog steeds slegs marginaal, naamlik met 0,4 persent, gestyg en ook in die eerste kwartaal van 1989 teenoor die eerste kwartaal van 1988 nog met slegs 0,3 persent toegeneem.

Pryse


Die tydelike verstewiging van die effektiewe wisselkoers van die rand in die vierde kwartaal van 1988 het in belangrike mate daartoe bygedra dat die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van die styging van kwartaal tot kwartaal in die pryse van *ingevoerde goedere* vanaf 21,6 persent in die derde kwartaal van 1988 tot 10,3 persent in die eerste kwartaal van 1989 verminder het. Die hernieuwe verswakking van die wisselwaarde van die rand wat oor die grootste deel van die eerste helfte van 1989 voorgekom het, en die geleidelik verspreidende uitwerking van die verhoogde bo-belasting op invoergoodere, het daarna egter tot gevolg gehad dat hierdie koers in die tweede kwartaal van 1989 weer dramaties, naamlik tot 'n jaarvlak van nie minder nie as 30,7 persent, versnel het. Die koers van toename *oor twaalf maande* in die pryse van ingevoerde goedere (wat in Desember 1987 by 'n onderpunt van 6,7 persent omgedraai het) het van 13,9 persent in Januarie 1989 tot 17,8 persent in April 1989 en van daar af tot 19,3 en 18,7 persent in Junie en Julie gestyg.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die pryse van *plaaslik geproduseerde goedere* het van 'n jaarvlak van 11,5 persent in die vierde kwartaal van 1988 tot 18,9 persent in die eerste en 17,2 persent in die tweede kwartaal van 1989 gestyg. Dit was hoofsaaklik 'n weerspieëeling van versnelde stygings in die pryse van fabrieksprodukte.

Die aanmerklike verslegting van die tempo van die prysverhogings van sowel ingevoerde as plaaslik geproduseerde goedere het meegebring dat die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename van kwartaal tot kwartaal in die totale *produksieprysindeks* oor 'n tydperk van ses maande nagenoeg verdubbel het vanaf 'n betreklik matige 10,9 persent in die vierde kwartaal van 1988 tot 20,2 persent in die tweede kwartaal van 1989. Hierteenoor het die koers van toename *oor twaalf maande* in die produksieprysindeks slegs in betreklik beskeie mate, naamlik van 14,6 persent in Januarie 1989 tot 15,8 persent in Mei, toegeneem. Van daar af het hierdie koers taamlik onverwags maar slegs effens tot 15,3 en 15,5 persent in Junie en Julie gedaal.

Die tempo van die inflasie soos dit deur die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename van kwartaal tot kwartaal in die *verbruikersprysindeks* gemeet word, het gedurende die ses kwartale tot die middel van 1989 skerp versnel, naamlik vanaf 9,2 persent in die eerste kwartaal van 1988, via 13,9 persent in die derde kwartaal van 1988, tot 14,3 persent en nie minder nie as 18,4 persent in die eerste en die tweede kwartaal van 1989. Die verlangsamming wat in die tweede helfte

Pryse



van 1988 en in die eerste kwartaal van 1989 in die stijgingstempo van die pryse van verbruiksgoedere opgemerk kon word, is in die tweede kwartaal van 1989 omgekeer toe die jaarkoers waarteen hierdie pryse gestyg het, op 19,7 persent te staan gekom het. In teenstelling hiermee het die koers van toename in die pryse van dienste vanaf die middel van 1988 tot 19,0 persent in die eerste kwartaal van 1989 versnel maar in die tweede kwartaal tot 14,9 persent teruggesak. Die koers van toename in die totale verbruikersprysindeks oor periodes van twaalf maande het van 13,3 persent in Januarie 1989 tot 15,7 persent in Junie gestyg maar vervolgens marginaal tot 15,5 persent in Julie afneem.

Betalingsbalans en wisselkoerse

Nadat dit in die eerste kwartaal van 1989 matig verslap het, het die Suid-Afrikaanse goedere-uitvoer in die tweede kwartaal van 1989 'n heel uitsonderlike verstewiging getoon. 'n Onverwagte groot toename is egter ook in die fisiese omvang en die waarde van die goedere-invoer aangeteken. Tesame met die feit dat die waarde van die netto gouduitvoer verder teruggesak het en dat die netto dienste- en oordragbetalings aan buitelanders 'n groot stijging getoon het, het die groter betalingsverpligtings uit hoofde van die goedere-invoer tot gevolg gehad dat die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans, ná seisoensaansuiwering en teen 'n jaarkoers bereken, van R2,7 miljard in die eerste kwartaal van 1989 tot ongeveer R2,0 miljard in die daaropvolgende drie maande ingekrimp het.

Die waarde van die goedere-uitvoer het (ná seisoensaansuiwering maar nie teen 'n jaarkoers bereken nie) van die eerste kwartaal van 1989 tot die tweede kwartaal met 28 persent gestyg. Op die jaarkoersvlak van meer as R44 miljard waarop dit in die tweede kwartaal te staan gekom het, was die waarde van die goedere-uitvoer ook meer as anderhalf maal so groot as in die tweede kwartaal van 1988; die *fisiese omvang* van die uitvoer het oor hierdie tydperk van vier kwartale met nie minder nie as 35 persent toegeneem. As gevolg hiervan, en ten spyte van die ietwat teleurstellende verloop van die goedere-uitvoer in Januarie-Februarie 1989, het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die waarde van die Suid-Afrikaanse uitvoer vanaf die gemiddelde vlak daarvan in die jaar 1988 tot die gemiddelde vlak daarvan in die eerste helfte van 1989 ongeveer 25½ persent beloop.


Die toename van 28 persent in die waarde van die goedere-uitvoer van die eerste tot die tweede kwartaal van 1989 het bestaan uit 'n stijging van 20 persent in die fisiese omvang van die uitvoer en van 7 persent in die gemiddelde vlak van die uitvoerpryse. Verbeterde uitvoerprestasies het in alle kategorieë uitvoergoedere

Lopende rekening van die betalingsbalans


Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse
R miljoene

	1988				1989		
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw	2e kw
Goedere-uitvoer	26 300	29 282	33 830	36 476	31 472	34 560	44 320
Netto gouduitvoer	18 530	19 948	20 230	19 780	19 622	18 970	18 150
Goedere-invoer	-36 780	-38 310	-40 070	-41 520	-39 170	-42 150	-49 580
Netto dienste- en oordragbetalings..	-8 108	-9 172	-9 370	-9 290	-8 985	-8 670	-10 920
Saldo op lopende rekening	-58	1 748	4 620	5 446*	2 939	2 710	1 970

Goedere-uitvoer



Goudprys



voorgekom. Besonder groot toenames is egter in die uitvoer van verskeie soorte vervaardigde goedere (waaronder basiese metale, masjinerie en elektriese toerusting, vervoertoerusting, chemiese produkte en tekstielgoedere), sowel as in die uitvoer van mineraalprodukte aangeteken. Die styging van 7 persent in die uitvoerpryspeil kon toegeskryf word aan 'n verdere daling (van 4,8 persent) in die gemiddelde effektiewe wisselwaarde van die rand in die tweede kwartaal van 1989 asook aan stygings in die prys van sekere grondstowwe op die internasionale grondstofmarkte.


Die gemiddelde dollarprys van goud het van VSA\$394 per fyn ons in die eerste kwartaal van 1989 tot VSA\$374 in die tweede kwartaal verswak en het in die eerste helfte van die jaar VSA\$384 bedra (teenoor \$453 in die eerste helfte van 1988). Die versnelde verswakking van die rand/dollar-wisselkoers het egter meegebring dat die *randprys* van goud van die eerste tot die tweede kwartaal in ligte mate, naamlik van R970 tot R998 per fyn ons, herstel het. Die daling van 4½ persent in die randwaarde van die *netto gouduitvoer* gedurende hierdie tydperk is meer as ten volle verklaar deur 'n inkrimping van die fisiese goudproduksie, wat op sy beurt weer toegeskryf kon word aan 'n verdere daling in die goudgehalte van die erts wat deur die myne vergruis is.

Die waarde van die *goedere-invoer* het van die eerste tot die tweede kwartaal van 1989, ondanks 'n ligte daling in die reële bruto binnelandse besteding, 'n verslapping van die groeikoers van die reële bruto binnelandse produk en beleidsmaatreëls wat daarop gemik was om invoer te ontmoedig, taamlik onverwags met nie minder nie as 17½ persent (seisoensaangesuiwerd maar nie teen 'n jaarkoers bereken nie) gestyg. Hierdie styging in die waarde van die invoer kon hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n toename van 10 persent in invoerhoeveelhede; dit wil voorkom asof hierdie hernieuwe opwelling in die reële invoer deels verklaar kan word aan die hand van voorkoopaankope van ingevoerde goedere deur Suid-Afrikaanse sakeondernemings in afwagting van 'n moontlike verdere depresiasie van die wisselkoers, hoër wêreldpryse van olie of die moontlike instelling van verdere maatreëls om die invoer aan bande te lê, sowel as aan die hand van aankope deur ondernemings om hul voorrade aan ingevoerde goedere weer op te bou. Die meer belangrike toenames in die fisiese hoeveelhede van die invoer is in die kategorieë mineraalprodukte, masjinerie en elektriese toerusting en vervoertoerusting aangeteken.

Die styging van 6½ persent in die gemiddelde randprys van ingevoerde goedere van die eerste tot die tweede kwartaal van 1989 is verklaar deur 'n daling in die gemiddelde effektiewe wisselkoers van die rand, hoër internasionale ru-oliepryse en 'n mate van versnelling van die inflasie in handelsvennootlande.

Die *netto dienste- en oordragbetalings aan buitelanders* het baie skerp (naamlik met 26 persent – ná uit-

Betingsbalans: Handelsrekening



skakeling van die seisoensinvloed maar sonder omrekening na 'n jaarkoers) van 'n jaarvlak van R8,7 miljard in die eerste kwartaal van 1989 tot 'n ongeëwenaarde hoogtepunt van R10,9 miljard in die tweede kwartaal toegeneem. Dit was hoofsaaklik 'n weerspieëeling van

die groter bedrae wat by die aanmerklik hoër randwaarde van die goedere-invoer aan vraggeld en vir die versekering van goedere betaal moes word, asook van hoér Suid-Afrikaanse rentebetalings aan buitelanders en van verhoogde Suid-Afrikaanse reisigersbesteding in die buitenland.

Kapitaalrekening

Ondanks aansienlike terugbetelings op buitenlandse skuld onder die stilstandooreenkomste, het die totale uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie beduidend ingekrimp tot R1,1 miljard in die tweede kwartaal van 1989 vanaf die betreklik hoë vlak van ongeveer R1,9 miljard waarop dit in die eerste kwartaal van 1989 te staan gekom het. 'n Ongewoon groot deel van die uitvloeiing in die tweede kwartaal het uit uitvloeings van langtermynkapitaal bestaan. Die uitvloeiing van langtermynkapitaal het die uitvloeiing van korttermynkapitaal in werklikheid vir die eerste keer sedert die derde kwartaal van 1987 oorskry.


Die uitvloeiing van langtermynkapitaal het – hoofsaaklik as gevolg van die halfjaarlikse terugbetelings (in Junie) van skuld wat ingevolge die stilstandooreenkomste terugbetaalbaar geword het, asook vanweë verdere terugbetelings op toondereffekte buite die stilstandnet wat hul vervaldatums bereik het – van R0,4 miljard in die eerste kwartaal van 1989 tot meer as R0,7 miljard in die tweede kwartaal gestyg. Transaksies wat deur buitelanders aangegaan is in effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is (wat by hierdie bedrae ingesluit is) het van netto *aankope* van R67 miljoen gedurende 1988 tot netto *verkope* ten bedrae van R269 miljoen en R381 miljoen in die eerste en die tweede kwartaal van 1989 omgeswaai. Die openbare korporasies was egter vir die derde opeenvolgende kwartaal netto invoerders van buitenlandse langter-

Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)

R miljoene

	1988				Jaar	1989	
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw		1e kw	2e kw
Langtermynkapitaal							
Openbare owerhede	-24	-138	5	-276	-433	-306	-143
Openbare korporasies	-140	-179	-233	146	-406	124	316
Private sektor:							
Netto aankope van genoteerde aandele deur nie-inwoners	-35	9	75	18	67	-269	-381
Ander kapitaal	-88	-307	9	106	-280	56	-520
Totale langtermynkapitaal	-287	-615	-144	-6	-1 052	-395	-728
Korttermynkapitaal insluitende onaangetekende transaksies, maar uitsluitende laste verwant aan reserwes	-475	-1 594	-2 390	-1 035	-5 494	-1 456	-335
Totale kapitaalbewegings uitsluitende laste verwant aan reserwes	-762	-2 209	-2 534	-1 041	-6 546	-1 851	-1 063

Netto kapitaalbewegings



mynkapitaal (hoofsaaklik in die vorm van projekfinansiering).

Die uitvloeiing van korttermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie (wat, op 'n vlak van byna R1,5 miljard in die eerste kwartaal van 1989, die hoë gemiddelde kwartaallikse bedrag van sodanige uitvloeisings in die loop van 1988 ietwat oorskry het) het in die tweede kwartaal van 1989 aansienlik teruggeval tot slegs ietwat meer as R0,3 miljard. Dit was die kleinste kwartaallikse uitvloeiing van hierdie aard wat sedert die tweede kwartaal van 1987 aangeteken is. Dit wil voorkom of die skerp afname in hierdie uitvloeiing veral in die tweede helfte van Junie 1989 'n aanduiding was van 'n verflouing en gedeeltelike ommekeer van die ongunstige vervroegings en vertragings waaraan die internasionale betalings en ontvangste in die voorafgaande maande onderhewig was. Daarbenewens is buitelandse fondse ten bedrae van R185 miljoen in die tweede kwartaal van 1989 in die vorm van korttermynkapitaal deur die openbare korporasies opgeneem.


Buitelandse reserwes

Die totale Suid-Afrikaanse bruto goud- en ander buitelandse reserwes het in die tweede kwartaal van 1989, hoofsaaklik op grond van reserweverwante leenbedrywighede, met R462 miljoen tot R7,4 miljard aan die einde van Junie 1989 toegeneem. Die stygging in hierdie reserwes gedurende die eerste helfte van 1989 het daardeur op R698 miljoen te staan gekom. Gewaardeer in VSA-dollars het die bruto reserwes gedurende hierdie tydperk egter nog weer met \$157 miljoen gedaal. In Julie en Augustus het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank 'n verdere stygging getoon ten bedrae van R163 miljoen. Die Bank se goudreserwes het van 4,1 miljoen fyn onse aan die einde van Maart 1989 tot 3,7 miljoen fyn onse aan die einde van Augustus 1989 afgeneem.

Wisselkoerse

Groot uitvloeisings van nie-reserweverwante kapitaal uit Suid-Afrika en die dalende dollarprys van goud, maar veral die hernieude opwelling van die krag wat die VSA-dollar vanaf die begin van 1989 in die wêreldvalutamarkte aan die dag gelê het, het tot gevolg gehad dat die effektiewe wisselkoers van die rand vanaf 12 Januarie tot 15 Junie 1989 met byna 11 persent verswak het. Die geleidelike wegkyning en geringe *netto* ommekeer van hierdie verstewiging van die dollar vanaf die middel van Junie tot die middel van September het vervolgens meegebring dat die rand tot die middel van September 2,2 persent van sy waarde in dollars herwin-

Wisselkoerse



Veranderings in die wisselkoerse van die rand

%

	12 Jan 1989 tot 15 Jun 1989	15 Jun 1989 tot 12 Sept 1989
Geweegde gemiddelde	-10,9	1,0
VSA-dollar	-17,6	2,2
Britse pond	-2,4	-0,2
Duitse mark	-7,9	-0,3
Switserse frank	-6,3	-0,6
Japanse yen	-1,3	-0,6
Franse frank	-8,6	-0,8
Finansiële rand	-5,1	4,9

het. Vanweë geringe depresiasies van die rand teenoor ander belangrike geldeenheede het die verstewiging van die effektiewe wisselkoers van die rand van die middel van Junie tot die middel van September 1989 egter slegs 1,0 persent beloop.

Die finansiële rand het in die tweede kwartaal van 1989 tussen 'n hoogtepunt van R3,91 per dollar en 'n laagtepunt van R4,26 per dollar geskommel. Dit het egter verswak gedurende die daaropvolgende agt weke toe dit binne grense van R3,94 en R4,38 per dollar verhandel is. In Augustus 1989 is die disinvestering uit Suid-Afrika aangekondig van 'n belangrike goudmynmaatskappy wat in Brittanje gesetel is. Hierbenewens is die fasilitet waarvolgens nie-inwoners toegelaat is om die aankoop van vaste eiendom in Suid-Afrika gedeeltelik deur die gebruik van finansiële rand te finansier, met ingang van 11 Augustus 1989 ingetrek. Hierdie gebeure het egter nie verhinder dat die diskonto van die finansiële rand teenoor die kommersiële rand in die loop van Julie en Augustus marginal van 35,5 persent in die tweede kwartaal tot 34,7 persent vernou het nie. Deels as gevolg van die rand se hernieuwe depresiasie teenoor die dollar en deels as gevolg van 'n sekere verstewiging van die finansiële rand, het die diskonto vervolgens verder vernou, naamlik tot 30,0 persent op 12 September 1989.


Finansiële markte

Geldvoorraad

Die groeikoerse van die omvattend gedefinieerde geldvoorraad, M3, wat vanaf die tweede kwartaal van 1987 skerp versnel het, het in die derde kwartaal van 1988 op deurgaans hoë vlakke hul boonste draaipunte bereik en van daar af slegs beperkte afnames getoon. Die groeikoers van M3 oor twaalf maande het in Augustus 1988 'n hoogtepunt van 27,9 persent bereik voordat dit in geringe mate tot 'n laagtepunt van effens minder as 25,3 persent in April 1989 verlangsaam het. Volgens hersiene gegewens het dit in Julie effens meer as 25,3 persent beloop.

Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in M3 het vanaf die konseptuele beginpunt van die mikpuntjaar 1989 (dit wil sê vanaf die middel van November 1988) tot aan die einde van Julie 1989 op 23,5 persent te staan gekom, wat dus beteken dat ook hierdie koers die boonste grens van 18 persent van die mikpuntperk vir 1989 nog steeds aansienlik oorskry het. Die vlak van M3 aan die einde van Julie het

Mikpuntgrense vir groei in M3



ruimte gelaat vir monetêre uitbreiding tot aan die einde van Desember 1989 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van slegs 5,7 persent indien die kwartaallikse gemiddelde van M3 in die vierde kwartaal van 1989 nie meer as 18 persent hoër mag wees nie as die kwartaallikse gemiddelde van M3 in die vierde kwartaal van die voorafgaande jaar.

Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in M3 van kwartaal tot kwartaal het eweneens slegs effens vanaf sy hoogtepunt van 29,5 persent in die derde kwartaal van 1988 tot 28,3 persent in die vierde kwartaal afgeneem, maar daarná op meer indrukwekkende wyse tot 21,0 persent in die tweede kwartaal van 1989 teruggesak.


Die seisoensaangesuiwerde maandeindwaardes van M3 het in Februarie 1989 deur die plafon van die mikpunttonnel gebreek. Aan die einde van die kwartaaleindmaand Maart het dit die boonste grens van die mikpuntperk met R2,7 miljard of met 2,2 persent oorskry; aan die einde van April was dit egter weer terug tot net binne die mikpuntgebied. Op die maandeindes van Mei, Junie en Julie het M3 die boonste grens van die mikpuntperk met R2,4 miljard, R3,9 miljard en R3,6 miljard, of met 1,9, 3,0 en 2,8 persent, te bove gegaan.

Dit wil nietemin voorkom of die baie vinnige en slegs effens verlangsamende groei in M3 gedurende die tweede kwartaal en in Julie 1989 in toenemende mate verband gehou het met die behoefte wat by hoér vlakke van die bruto binnelandse produk, inkome en besteding teen heersende pryse aan 'n groter geldbesit gevoel word, eerder as dat dit aan die hand van herintermediasiekynsels of van 'n groeiende "egte likwiditeitsvoordeur" onder beleggers verklaar kan word. Van die vierde kwartaal van 1988 tot die eerste en die tweede kwartaal van 1989 was die koerse van toename in M3 nog steeds hoër as dié van die nominale bruto binnelandse produk. As gevolg hiervan het die omloopsnelheid van M3 – wat in die eerste kwartaal van 1987, op 'n vlak van 2,020, sy mees onlangse konjunkturele hoogtepunt bereik het – nog weer verder afgeneem, naamlik van 1,832 in die vierde kwartaal van 1988 tot 1,801 in die eerste kwartaal van 1989 en tot 1,796 in die tweede kwartaal. Die geringe mate waarin die omloopsnelheid van die eerste tot die tweede kwartaal van 1989 wel nog verder gedaal het, duig egter daarop dat die verskillende faktore waardeur die afwaartse beweging van die omloopsnelheid oor die afgelope nege kwartale aangedryf is, in die onlangse verlede nie meer so kragtig was as wat voorheen die geval was nie.

Die afnemende betekenis van herintermediasiekynsels en van beleggers se "egte likwiditeitsvoordeur" kon gedeeltelik toegeskryf word aan die feit dat die rentekoerse volgens die algemene sienswyse van die markte vanaf laai in die tweede kwartaal van 1989 hul hoogste punt bereik het, alhoewel geen verwagtings van beduidende *dalings* in die rentekoerse ontleen kon word aan die amptelike uitsprake wat die monetêre owerhede in die tweede en die derde kwartaal van die jaar met betrekking tot hul rentekoersbeleid gelewer het nie. Verminderde vooruitsigte op verdere rentekoersstygings het ook daartoe bygedra dat die aandelepryse op die Johannesburgse Effektebeurs, en selfs van die pryse van vaste-rentedraende effekte met lang looptye, verstewig het. Ten slotte het die verhoogde rentekoersstabiliteit ook beteken dat die proses van vernouing van die verskille tussen die banke se gemiddelde uitleen- en gemiddelde depositorentekoerse geleidelik ten einde geloop het; die inkrimping van hierdie koersverskille vanaf vroeg in 1987 tot en met 1988 en die eerste deel van 1989 het as 'n aansporing tot herintermediasie gedien en het derhalwe ook 'n rol gespeel by die verlaging van die omloopsnelheid van die geldvoorraad.

Gedurende 'n groot deel van die jaar tot die middel van 1989 het stygings in die rentekoerse en verwagtings van verdere stygings in die rentekoerse daartoe bygedra dat toenames in M3 sterk in deposito's in die vergelykenderwys korttermynsegmente van die looptydsppektrum gekonsentreerd was. Die vergelykende koerse van toename in M1A, M1, M2 en M3 oor die tydperk van twaalf maande tot die einde van Julie

M3 en eise van monetêre instellings teen die binnelandse private sektor



1989 het 13,3 persent, 9,9 persent, 30,8 persent en 25,3 persent beloop. "Ander kort-" en middeltermyndeposito's – wat bestaan uit daardie deel van M2 wat meer voor die hand liggend as hoogs likwiede finansiële *beleggings* beskou kan word – het gedurende hierdie tydperk met nie minder nie as 49,2 persent toegeneem. In teenstelling hiermee het die langtermyndepositos met slegs 9,2 persent gestyg. Daarteenoor het die seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van toename in die "ander kort-" en middeltermyndeposito's en in langtermyndepositos in die meer stabiele rentekoersklimaat waardeur die periode van die einde van Maart tot die einde van Julie 1989 gekenmerk is, op 36,3 persent en op 'n heel merkwaardige 40,3 persent te staan gekom – waarby laasgenoemde toename hoofsaaklik sekere bankinstellings se groot uitgiftes van verhandelbare depositosertifikate weerspieël het. Die vergelykbare afname van 19,2 persent wat gedurende die betrokke periode in M1 aangeteken is, kan beskou word as 'n weerspieëling van depo-sante se verwagtings dat die rentekoerse intussen hul hoogtepunte bereik het of reeds tot ná aan hul uiteindelike maksimum vlakke gestyg het.

Soos gedurende die eerste kwartaal van 1989 was die belangrikste enkele statistiese teenhanger van die toename in die seisoensaangesuiwerde M3-geldvoorraad gedurende die Junie-kwartaal van 1989 (wat R5,8 miljard bedra het) 'n verdere groot toename in die binnelandse-kredietverlening deur die monetêre instellings. Die totale binnelandse-kredietvoorsiening deur hierdie instellings het in werklikheid gedurende hierdie tydperk nog steeds met 'n seisoensaangesuiwerde bedrag van nie minder nie as R6,6 miljard gestyg. Veranderings in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre sektor het – soos ook gedurende die grootste deel van 1988 die geval was – in die tweede kwartaal van 1989 'n negatiewe bydrae (ten bedrae van R0,8 miljard) tot die groei in M3 gemaak. Die netto eise teen die regeringsektor – wat by die totale binnelandse-kredietverlening ingesluit is – het in die tweede kwartaal van 1989 'n negatiewe bydrae ten bedrae van R0,1 miljard tot die groei in M3 gelewer.

Kredietverlening deur monetêre instellings

Die jaarkoers van toename van kwartaal tot kwartaal in die *kwartaallikse gemiddelde* van alle monetêre instellings se seisoensaangesuiwerde eise teen die private sektor, wat in die derde en die vierde kwartaal van 1988 nog steeds heelwat meer as 30 persent beloop het, het in die eerste kwartaal van 1989 beduidend tot 24,8 persent verlangsaam. Daarna het dit in die tweede kwartaal van 1989 egter heel dramaties tot 'n betreklik gematigde 13,1 persent afgeneem.

Die koers van toename in die krediet van die monetêre instellings aan leners in die private sektor in die tweede kwartaal van 1989 was laer as die groeikoerse

Veranderings in eise teen die private sektor*

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

	Alle monetêre instellings %
1988:	27,0
	Tweede kwartaal
	33,2
	Vierde kwartaal
1989:	24,8
	Tweede kwartaal

*Veranderings van kwartaal tot kwartaal in die kwartaallikse gemiddelde van eise teen die binnelandse private sektor.

van die bruto binnelandse produk en die bruto binnelandse besteding teen heersende pryse oor die betrokke periode. Terselfdertyd is hierdie betreklik matige toenamekoers bereik terwyl daar volgehoue toenames in die reële vaste-investeringsbedrywighede in die private sektor, ongewone groot toenames in die hoeveelheid en die waarde van die goedere-invoer en -uitvoer, en toenames in die nywerheids- en handelsvoorrade aangeteken is. As sodanig het hierdie toenamekoers derhalwe gedui op 'n betekenisvolle afname in die *inkrementele* kredietvraag van huishoudings en individue wat as 'n teenwig vir die stygende kredietbehoeftes van maatskappye en "ander" leners gedien het.

Nie verrassend nie (in die lig van versnellings in die kredietverlening wat in die derde kwartaal van 1988 nog steeds plaasgevind het), het die koers van toename in die monetêre instellings se totale eise teen die private sektor *oor periodes van twaalf maande* slegs matig vanaf sy hoogtepunt van 30,5 persent in Oktober 1988 tot 26,1 persent in Junie 1989 teruggesak.

Die toename van R6,7 miljard wat van die einde van Maart tot die einde van Junie 1989 in die totale eise van die monetêre instellings teen die private sektor aangeteken is, was in werklikheid nog steeds beduidend groter as die toename van R5,7 miljard gedurende die eerste kwartaal van 1989 en het weinig verskil van die gemiddelde kwartaallikse toename in hierdie eise in 1988. Die gemiddelde kwartaallikse toename van R2,6 miljard in die *verbandlenings* van die monetêre instellings in die eerste helfte van 1989 was eweneens nog steeds groter as die gemiddelde kwartaallikse toename (van R2,3 miljard) wat in 1988 in hierdie soort lenings te boek gestel is. Soos die Reserwebank se onlangse *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* vir 1989 ook reeds opgemerk het, is die bedrag aan verbandlenings wat oor die afgelope paar kwartale deur die banke en die bouverenigings toegestaan is, egter ietwat kunsmatig verhoog deurdat verbandlenings wat voorheen deur die pensioenfondse van sekere openbare ondernemings aan werknekmers van hierdie ondernemings

beskikbaar gestel is, na konvensionele verbandfinansiering omgeskakel is.

Die toenames in die verlening van *huurkoopkrediet* en *bruikhuurfinansiering* deur die monetêre sektor het van R1,5 miljard en R1,6 miljard in die derde en die vierde kwartaal van 1988 tot R1,2 miljard en R1,4 miljard in die eerste en die tweede kwartaal van 1989 teruggesak en het daardeur ook stawende bewys gelewer van die afname in huishoudings se reële besteding aan duursame verbruiksgoedere en van die verslapping in die inkrementele kredietvraag van huishoudings in die algemeen. Bankkrediet in die vorm van bankinstellings se besit aan verdiskonterde wissels, wat in die tweede helfte van 1988 baie vinnig toegenem het, het in sowel die eerste as die tweede kwartaal van 1989 in werklikheid effens afgeneem. Dit het nietemin toenamekoerse van jaar op jaar getoon wat in die loop van die eerste helfte van 1989 van 'n baie hoë 85,3 persent aan die einde van Februarie tot 29,9 persent aan die einde van Junie gewissel het.


Bankinstellings se benutte aksepgeriewe het ewen- eens 'n sterk styging getoon, naamlik vanaf R7,0 miljard aan die einde van Junie 1988 tot R8,8 miljard aan die einde van Desember 1988. Soos in die geval van die toename in die banke se *besit* aan likwiede wissels en aksepte, kon 'n deel van hierdie styging in benutte aksepfasilitete beskou word as die private banke se reaksie op die skaarste aan wetlik likwiede en/of herverdiskonterbare bates wat van tyd tot tyd deur die bankstelsel ervaar is. Die bedrag van die benutte aksepgeriewe het gedurende 1989 tot dusver vervolgens egter in wese sywaarts beweeg. Aan die einde van Junie 1989 het dit op R9,0 miljard te staan gekom.

Ongewone groot invloeiings van inkomste na die Skatkis in die fiskale jaar 1988/89 en in die eerste kwartaal (die Junie-kwartaal) van die fiskale jaar 1989/90 het by geleentheid daartoe bygedra dat die regeringsaldo's by die Reserwebank tot aansienlike bedrae opgebou het. Dit is weerspieël in dienooreenkomsstige groot dalings in die netto eise van die monetêre stelsel teen die regeringsektor. Die veranderings in hierdie eise oor periodes van twaalf maande het op dramatiese wyse omgeswaai van 'n hoogtepunt in die koers van toename in hierdie eise van 74,6 persent in Augustus 1988 tot 'n koers van afname van 33,7 persent in Junie 1989.

Reserwebankoptrede in die geldmark

Die toestand op die geldmark, soos dit aan die hand van die mark se behoefté aan akkommodasie deur die Reserwebank gemeet word, het gedurende die tydperk van April tot Junie 1989 verruum maar gedurende Julie en Augustus weer aansienlik strammer geword. Die ruimer toestand op die mark in die tweede kwartaal van 1989 kon aanvanklik toegeskryf word aan die skerp daling wat reeds in Februarie en Maart in die regeringsaldo's by die Reserwebank voorgekom het

Akkommodasie by die diskontovenster




en aan die aansienlik laer gemiddelde vlak van hierdie saldo's in April. Hierbenewens is die gevoel van groter ruimte op die mark aangehelp deur die laer koers van toename in die geldvoorraad gedurende die tweede kwartaal. Ten slotte was die aansienlike verliese wat die Reserwebank by die voorsiening van valutatermyn-dekking gely het, 'n belangrike bydraende faktor waardeur die beskikbaarheid van kontantreserwes vir die bankstelsel op peil gehou is.

Die gemiddelde daaglikske vlak van die Reserwebank se akkommodasie aan die geldmark by die diskontovenster het van R2,6 miljard in die eerste kwartaal van 1989 tot R1,0 miljard in die tweede kwartaal afgeneem. Geen terugkoopooreenkomste is gedurende hierdie tydperk deur die Reserwebank met markdeelnemers aangegaan nie.

Die deposito's van die Skatkis en die Betaalmeester-Generaal by die Reserwebank het van R3,9 miljard aan die einde van April 1989 tot R4,7 miljard aan die einde van Mei toegeneem. Daarna het dit tot R6,7 miljard aan die einde van Junie en tot 'n ongeëwenaarde R10,4 miljard aan die einde van Augustus gestyg. Tesame met sekere ander faktore het hierdie toename in die regeringsdeposito's meegebring dat die marktekort, wat op 3 April tot slegs R110 miljoen ingekrimp het, gedurende Junie tot 'n gemiddelde daaglikske bedrag van R1,2 miljard toegeneem het. Gedurende Julie het

Regeringsdeposito's (Skatkisrekening en Betaalmeester – Generaalrekening) by die Reserwebank



die gemiddelde daaglikse bedrag aan akkommodasie by die diskontovenster gestyg tot 'n hoë peil van R3,1 miljard.

Spesiale skatkiswissels met kort looptye tot 'n bedrag van R0,2 miljard het op 31 Julie hul vervaldatum bereik. Die marktoestand het nietemin gedurende Augustus 1989 stram gebly, deels as gevolg van die betaling deur maatskappye van die leningsheffing, ten bedrae van 10 persent van die maatskappye se mees onmiddellik voorafgaande jaarlike belastingaanslag, waarvan die instelling op 5 Mei 1989 deur die Minister van Finansies aangekondig is. Alhoewel die betrokke bedrae op 31 Julie betaalbaar was, het die verrekening daarvan gedeeltelik tot in Augustus oorgevloeい.

Die gemiddelde daaglikse bedrag van die akkommodasie wat by die diskontovenster verleen is, het gedurende Augustus op 'n rekordpeil van R3,3 miljard te staan gekom. In 'n verklaring wat op 3 Augustus 1989 uitgereik is, het die Reserwebank, met verwysing na die afwesigheid van die twee "tradisionele" redes waarom skatkiswissels normaalweg uitgereik word (naamlik om oorbruggingsfinansiering aan die Tesourie te voorsien, of om te voorkom dat rentekoerse daal), aangekondig dat daar as 'n tussentydse maatreël "geen" of slegs "baie klein bedrae" aan skatkiswissels

by die weeklikse tender aangebied sou word. Die Bank sou egter op die gebruiklike wyse voortgaan om kort-, middel- en langtermynstaatseffekte te bemark om die Regering van fondse te voorsien, en wel op so 'n wyse dat die klem minder op die uitreiking van statutêr-likwiede skuldbewyse sou val.

Ooreenkomsdig hierdie aankondiging is die bedrag aan skatkiswissels met 'n looptyd van 91 dae wat by die weeklikse tender aangebied is, van R100 miljoen op 28 Julie tot nul op 4 Augustus verminder. In die lig van 'n neiging in die mark om hierdie optrede verkeerd te vertolk as 'n gebaar in die rigting van 'n verslapping van die monetêre beleid en as 'n teken dat die owerhede bereid sou wees om 'n moontlike daling in die rentekoerse toe te laat, is klein bedrae aan skatkiswissels (naamlik van R20 miljoen by elk van die betrokke geleenthede) egter weer, ooreenkomsdig die aankondiging van 3 Augustus, by die tender van 11 Augustus 1989 en die daaropvolgende tenders aangebied.

'n Tydelike verruiming van die marklikwiditeit in die middel van Augustus is op 15 Augustus teengetrek deur 'n bedrag van R300 miljoen aan skatkiswissels met 'n looptyd van ses dae op die mark te verkoop. Geen spesiaal-gedateerde *belastingskatskiswissels* is gedurende Junie, Julie of Augustus 1989 te koop aangebied nie. 'n Bedrag van R0,8 miljard aan sodanige wissels, wat in Mei 1989 uitgereik is, het egter wel aan die einde van Augustus verval en het as 'n gedeeltelike teenwig gedien vir die stroom van belastingbetalings wat oor die maandeinde van Augustus na die Skatkis gevloeい het.


Die totale bedrag van die Reserwebank se netto verkoope van staatseffekte het gedurende Julie 1989 R0,8 miljard en gedurende Augustus R1,5 miljard beloop. Die totaal van sodanige verkoope in die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1989/90 het daardeur op R5,8 miljard te staan gekom. Die ooreenstemmende bedrag vir die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1988/89 het R6,7 miljard beloop.

Geldmarkrentekoerse


Op grond van die versnelde afwaartse beweging van die dollarprys van goud, 'n verdere verswakking van die wisselkoers van die rand teenoor die VSA-dollar en die betreklik ontmoedigende geldvoorraadsyfers ten opsigte van Februarie en Maart, het verwagtings van verdere stygings in die rentekoerse nog teen die einde van April en oor die grootste deel van Mei 1989 voortgeduur. Die Bankkoers is met ingang van 8 Mei 1989 van 16 tot 17 persent verhoog. Dit is onmiddellik deur 'n verhoging van 1 persentasiepunt in die prima-oor-trekingskoers van die verrekeningsbanke gevolg; die oorheersende primakoers van die banke het daardeur op 20 persent te staan gekom.

Ná die bankkoersverhoging van 8 Mei het die markkoers op likwiede bankaksepte van drie maande van 16,70 tot 17,35 persent verstewig (teenoor die Reser-

Korttermynrentekoerse



Opbrengskoerskurwes vir verhandelbare depositosertifikate



webank se nuwe herdiskonteringskoers vir sodanige aksepte van 17,30 persent). Dit het vervolgens gedurende die daaropvolgende twee weke rondom hierdie vlak geskommel. 'n Meer negatiewe gemoedstoe-stand in die mark wat sy oorsprong gehad het in die skerp daling in die dollarprys van goud (tot minder as VSA \$360 per fyn ons) en in swakte van die wisselkoers van die rand (met name in die derde week van Mei) het daarná egter meegebring dat die aksepkoers in die vierde week van Mei tot 17,60 persent verstewig het.

Vanaf die laaste paar dae van Mei 1989 het dit vervolgens gelyk asof die markrentekoerse hul hoogste vlak bereik het. Gedurende Junie, Julie en Augustus het die markkoers op likwiede aksepte van drie maande binne betreklik noue grense van 17,35 en 17,60 persent geskommel. Betreklike stabiliteit van die rentekoerse aan die kort kant van die looptydspelkromme is gedurende hierdie tydperk aangehelp, enersyds deur die Reserwebank se openbare verklaring van 11 Julie 1989 waarin die Bank sy mening gegee het dat die heersende vlak van die rentekoerse soos in daardie stadium voldoende sou blyk te wees om aan die eise wat daaraan gestel sou word, te voldoen, en ander syds deur die Bank se amptelike uitspraak van 29 Augustus 1989 waarvolgens daar nog steeds behoeft bestaan het aan voortsetting van 'n beperkende monetêre en fiskale beleid en daar nog steeds redes gegeld het waarom die rentekoerse "nominaal betreklik hoog" sou moes bly.

Aan die einde van Augustus 1989 het die markkoers op likwiede bankaksepte van drie maande, in weerwil van die hoëvlak van die herfinansieringsakkommodesie wat in daardie stadium by die Reserwebank se diskontovenster verleen is, 17,40 persent beloop. Die feit dat die markkoers so min van die Bank se herdiskonteringskoers van 17,30 persent vir bankaksepte verskil het, was 'n aanduiding van die mark se oortuiging dat geen belangrike aanpassings van die Bank se herdiskonteringskoerse waarskynlik voorlopigoorweeg sou word nie. Terselfdertyd het die betreklike platvoorkoms van die opbrengskoerskurwe met betrekking tot markinstrumente oor 'n wye looptydspelkromme 'n aanduiding gegee van die relatiewe "neutraliteit" van die verwagtings wat die mark ten aansien van die rentekoerse oor 'n heelwat langer periode gehuldig het.

Kapitaalmarkbedrywigheid

Die handelsbedrywigheid op die kapitaalmarkte, wat in die eerste kwartaal van 1989 betekenisvol herstel het van die grotendeels meer gedempte bedrywigheidspeil in 1988, het in die tweede kwartaal van 1989 ietwat verder verstewig. Hoër omsette is in effekte van die openbare sektor op die effektebeurs en op die vaste-eiendomsmark aangeteken. Op die primêre markte was die bedrywigheid met betrekking tot nuwe uitgifte aanmerklik hoër as in die voorafgaande drie maande. 'n Geringe afname het egter in die omset van aandele op die effektebeurs voorgekom.

Die waarde van die effekte van die openbare sektor wat op die effektebeurs verhandel is, het van R35,0

miljard in die vierde kwartaal van 1988 tot R41,9 miljard in die eerste kwartaal van 1989 en tot R43,8 miljard in die tweede kwartaal toegeneem. Die waarde van hierdie transaksies in Julie 1989, naamlik R10,7 miljard, was egter beduidend laer as die gemiddelde maandelikse bedrag van R14,6 miljard in die voorafgaande drie maande.

Die waarde van die aandele wat op die effektebeurs verhandel is, wat ongewoon vinnig vanaf R3,0 miljard in sowel die derde as die vierde kwartaal van 1988 tot R4,7 miljard in die eerste kwartaal van 1989, toegeneem het, het in die tweede kwartaal begin om sywaarts te verloop en effens teruggesak tot R4,6 miljard. Die gemiddelde maandelikse waarde van hierdie transaksies het daarná egter van effens meer as R1,5 miljard in die tweede kwartaal van 1989 tot nagenoeg R1,7 miljard in Julie gestyg.


Die gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele, wat gedurende die vierde kwartaal van 1988 en die eerste kwartaal van 1989 kragtig herstel het (naamlik

met 'n totaal van 29 persent), het van die kwartaaleindmaand Maart tot die kwartaaleindmaand Junie per saldo geen verdere styging getoon nie. Vir 'n kort rukkie het dit selfs gelyk asof die verloop van die prysindeks van alle klasse aandele in Mei 1989 die einde aangedui het van die sekondêre opwaartse fase (wat sedert die prysineenstorting van Oktober 1987 na vore gekom het) van die konjunkturele beursoplewing wat self in die eerste paar maande van 1985 begin het. Die gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele het in Julie en Augustus vervolgens egter weer met 'n totaal van 10 persent gestyg, maar nog steeds – met sowat 8 persent – nie daarin geslaag om weer die hoogtepunt in die aandelepryse te bereik wat in September 1987 aangeteken is nie.


Stagnasie in die algemene pryspeil van alle klasse aandele gedurende die tweede kwartaal van 1989 kon hoofsaaklik toegeskryf word aan die invloed wat die skerp verswakkings van die dollarprys van goud en verwante probleme in die tweede kwartaal van 1989 op die goudmynbedryf uitgeoefen het. Die daling van 6 persent in die gemiddelde prysvlak van goudmynaandele vanaf Maart 1989 tot Junie 1989 het met 'n afname van 1 persent in die kwartaallikse gemiddelde van die pryse van finansiële aandele gepaard gegaan. Albei hierdie afwaartse bewegings is egter geneutraliseer deur die styging van 4 persent wat in die gemiddelde prysvlak van nywerheids- en handelsaandele aangeteken is.

In die *primêre* kapitaalmarkte het die bedrag aan fondse wat deur middel van nuwe uitgifte van vaste-rentedraende effekte aan bank- en nie-bankbeleggers in die private sektor deur die openbare sektor opgeneem is, meer as verdubbel van R1,1 miljard in die eerste kwartaal van 1989 tot R2,3 miljard in die tweede kwartaal. Private maatskappye, wat in die eerste kwartaal van 1989 geen nuwe uitgifte van vaste-rentedraende effekte gemaak het nie, het in die daaropvolgende drie maande R555 miljoen deur middel van sodanige uitgifte opgeneem. Die bedrag aan nuwe uitgifte van aandelekapitaal deur genoteerde maatskappye is ook verhoog van slegs R58,0 miljoen in die eerste kwartaal van 1989 tot R342 miljoen in die tweede kwartaal. Die feit dat die – weliswaar nog steeds betreklik lae – vlak van die nuwe aandele-uitgifte in die tweede kwartaal van 1989 oor die algemeen hoër was as in die eerste kwartaal van 1989 en die eerste helfte van 1988, kon taamlik voor die hand liggend toegeskryf word aan die hernieuwe lewenskragtigheid van die aandelemark, verdere toenames in die reële vaste-investeringsbedrywigheid van private maatskappye en die hoër rentekoste van bankkrediet. Die verhoogde mate waarin korporatiewe leners hul toevlug tot die primêre kapitaalmarkte geneem het, was derhalwe waarskynlik ook een van die (betreklik minder belangrike) drade in die algemene patroon van geleidelik afnemende herintermediasiekynnels wat teen die einde van die konjunkturele styging in die ren-

Aandelepryse



Transaksies in vaste eiendom




tekoerse oor die periode 1988-1989 waarneembaar geword het.

Op die verbandmark het die bedrag aan verbandlenings wat deur die bouverenigings *uitbetaal* is, in die derde kwartaal van 1988 'n hoogtepunt van R2,7 miljard bereik. Daarna het hierdie bedrag geleidelik tot R2,3 miljard, R1,9 miljard en R1,8 miljard in die vierde kwartaal van 1988 en in die eerste en tweede kwartaal van 1989 afgeneem. Die bedrae van hierdie uitbetaalings deur die bouverenigings in die eerste twee kwartale van 1989 is egter afwaarts beïnvloed deur die feit dat drie bouverenigings in die loop van die betrokke tydperk met banke saamgesmelt het.

Die toenames in die bouverenigings se *besit* aan verbandlenings (ná aansuiwering vir die uitwerking van die samesmelting van 'n bouvereniging met 'n bankinstelling in Februarie 1989) was opmerklik stabiel op 'nvlak wat in elk van die vier kalenderkwartale vanaf die tweede kwartaal van 1988 tot die eerste kwartaal van 1989 op ongeveer R0,9 miljard te staan gekom het. Hierdie bedrag het daarna egter nogal heel plotseling afgeneem tot slegs R0,6 miljard in die tweede kwartaal van 1989 (nadat die invloed van twee verdere samesmeltings van bouverenigings met banke in April en Junie in ag geneem is).

Bankinstellings het hul besit aan verbandlenings dwarsdeur 1988 en die eerste helfte van 1989 met aansienlik groter kwartaallike bedrae vermeerder as wat by die bouverenigings die geval was. Oorwegings van dalende banklikwiditeit, krimpende rentekoersverskille en die druk van die vraag na die meer konvensionele soorte bankkrediet het nietemin tot gevolg gehad dat die kwartaallike toenames in die banke se besit aan woningverbandfinansiering (weer eens ná aansuiwering vir die samesmelting van 'n bouvereniging met 'n bank in Februarie 1989) van R1,8 miljard in die derde kwartaal van 1988 tot R1,2 miljard in die eerste kwartaal van 1989 afgeneem het. 'n Verslapping van die vraag na krediet uit ander oorde was ver-

Toename in besit aan verbandlenings



volgens een van die faktore wat die banke daartoe aangespoor het om hierdie kwartaallike toename (ná aansuiwering vir die bouvereniging/banksamesmeltings in April en Junie 1989) in die tweede kwartaal van 1989 weer tot R1,4 miljard te verhoog.

Rente- en opbrengskoerse

Die gemiddelde maandelikse opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het van 16,7 persent in die tweede helfte van Februarie 1989 tot 17,4 persent in Mei verstewig op grond van 'n opeenvolging van faktore soos die mark se onsekerheid oor die afskaffing van die voorgeskrewe-beleggingsvereistes vir institusionele beleggers, twyfel of die begrotingsvoorstelle, vir 1989/90 wel verwesenlik sou kon word, die volgehoud opwaartse neiging in die korttermynrentekoerse, kommer oor die moontlikheid dat verdere beperkende beleidsmaatreëls ingestel sou word, en die feit dat die Bankkoers ten slotte, vanaf 8 Mei, tot 17 persent verhoog is. Die gemiddelde opbrengskoers op langtermynseffekte het daarna tot 17,2 persent in sowel Junie as Julie 1989 en tot 17,0 persent in Augustus afgeneem. Dit wil voorkom asof omstandighede soos die owerheid se onbereidwilligheid om vooras nog 'n betekenisvolle daling van die korttermynrentekoerse te aanvaar, die powere verloop van die dollarprys van goud, en die verswakkings van die vooruitsigte vir die inflasiekoers, 'n meer betekenisvolle daling in hierdie opbrengskoers verhinder het.

Die *reële* rentekoers op langtermynstaatseffekte (dit wil sê die nominale koers ná aansuiwering vir die heer-



Langtermynrente- en -opbrengskoerse



koersverhoging van 8 Mei is hierdie koers in Junie 1989 vervolgens verder verhoog, naamlik tot 19,75 persent.

Die oorheersende rentekoers op deposito's van twaalf maande by die banke en die bouverenigings, wat as verteenwoordigend van depositorentekoerse in die algemeen beskou word, is deur albei hierdie groepe instellings vanaf 16,0 persent in Maart 1989 tot 16,5 persent in Mei verhoog. Die koerse op belastingvrye beleggings by bouverenigings, die Posspaarbank en die Tesourie is vanaf 15 April 1989 met 0,5 persent verhoog. Die koers op Poskantoor-spaarbanksertifikate en op subskripsie-aandele en -depositos by die bouverenigings het daardeur op 9,5 persent te staan gekom.

sende inflasiekoers) het in November 1987 positief geword en in November 1988 'n hoogtepunt van 3,9 persent bereik. Daarna het die versnelling van die inflasiekoers, wat die matige verdere netto styging in die nominale opbrengskoers op langtermynstaatseffekte heelwat oorskry het, egter meegebring dat hierdie reële rentekoers weer tot slegs 1,3 persent in Junie 1989 gedaal het.

Ten spyte van groot verbeterings in die finansiële resultate van genoteerde maatskappye, het die volghoue herstel van die aandelepryse daartoe geleid dat die maandelikse gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele van 6,0 persent in Desember 1988 tot 5,5 persent in April 1989 gedaal het. Die swakker aandelemark in Mei, en die daaropvolgende herstel in Junie, Julie en Augustus, het met 'n styging en met 'n hernieuwe daling in hierdie opbrengskoers tot onderskeidelik 5,7 en 5,2 persent gepaard gegaan.

Die bouverenigings se oorheersende behuisingsverbandkoers is ná die verhoging van die Bankkoers op 23 Februarie 1989 van 18,0 persent in Maart 1989 tot 18,75 persent in April verhoog. Ná die verdere Bank-

Staatsfinansies

Skatkisuitreikings en -ontvangste

Die toename van jaar tot jaar in die skatkisuitreikings aan staatsdepartemente (ná die gebruiklike aansuiwering vir veranderings in die saldo op die Betaalmeester-Generaalrekening) het verder versnel vanaf die hoë vlak van 31,5 persent wat dit in die Maart-kwartaal van 1989 bereik het, tot 33,8 persent in die Junie-kwartaal (dit wil sê die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1989/90). Die koers van toename in die staatsbesteding in die Junie-kwartaal was dus aansienlik hoër as die toenamekoers van 15,0 persent waarvoor die Begroting vir die fiskale jaar 1989/90 in sy geheel voorseenig gemaak het.


In Julie 1989 het die koers van toename in die skatkisuitreikings van jaar tot jaar in geringe mate verlangsaaam. Dit het egter voortgegaan om te styg teen 'n koers wat die begrote toename in die staatsbesteding heelwat oorskry het. Die totale uitreikings aan staatsdepartemente gedurende die eerste vier maande van die fiskale jaar 1989/90 was gevvolglik 30,7 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1988/89.

Reëel het die toename van jaar tot jaar in die skatkisuitreikings gedurende die vier maande tot Julie 1989 'n baie hoë 13,7 persent beloop. Dit beteken dat die koers van toename in die skatkisuitreikings gedurende die res van die huidige fiskale jaar skerp sal moet daal


om die begrotingsoogmerk waarvolgens enige reële groei in die staatsbesteding gedurende die fiskale jaar 1989/90 in sy geheel vermy behoort te word, gestand te doen.

Die nominale bedrag van die skatkisuitreikings aan staatsdepartemente gedurende die eerste vier maande van die fiskale jaar 1989/90 was gelyk aan 33,0 persent van die totale begrote besteding van die Sentrale Regering vir die fiskale jaar in sy geheel. Dit kan vergelyk word met 'n gemiddelde persentasie-aandeel van 31,7 persent wat die skatkisuitreikings gedurende die eerste vier maande van die vyf fiskale jare van 1984/85 tot 1988/89 uitgemaak het van die totale *werklike* uitreikings gedurende daardie fiskale jare. (Die verhouding van die uitreikings gedurende die eerste vier maande van die betrokke fiskale jare tot die totale *begrote bestedings* in daardie fiskale jare het oor die betrokke tydperk van vyf jaar 'n ietwat hoër syfer van 33,5 persent beloop.) Hierdie statistiek dui weer eens op 'n behoefté aan streng fiskale discipline wat gedurende die res van 1989/90 met betrekking tot die bestedingskant van die Sentrale Regering se begrotingsoptrede gehandhaaf sal moet word.

Reële skatkisuitreikings



Skatkisuitreikings en -ontvangste



*Gemiddeld vir fiskale jare 1984/85 tot 1988/89

Die koers van toename van jaar tot jaar in die skatkisontvangste het van 35,2 persent in die Maart-kwartaal van 1989 tot 37,2 persent in die Junie-kwartaal gestyg. Hierdie toenamekoers het vervolgens in Julie selfs nog verder toegeneem. In die eerste vier maande van die fiskale jaar 1989/90 was die totale ontvangste 39,0 persent hoër as in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1988/89, teenoor 'n begrote toename in die inkomste van 16,0 persent vir die fiskale jaar in sy geheel.

Die totale skatkisontvangste gedurende die vier maande tot Julie 1989 was gelyk aan 31,9 persent van die totale begrote staatsinkomste vir die fiskale jaar 1989/90. Dit kan vergelyk word met 'n persentasie-aandeel van die ontvangste gedurende die eerste vier maande van fiskale jare tot die totale *werklike* ontvangste gedurende die betrokke fiskale jare wat oor die vyf fiskale jare van 1984/85 tot 1988/89 gemiddeld 26,5 persent beloop het. Dit sou dus byna met sekerheid verwag kon word dat die staatsinkomste gedurende die fiskale jaar 1989/90 in sy geheel die bedrag wat vir sodanige inkomste begroot is, aansienlik sal oorskry.

Die sterkte van die stroom aan skatkisontvangste gedurende die eerste vier maande van die fiskale jaar 1989/90 het hoofsaaklik sy oorsprong gehad in die kumulatiewe uitwerking van die verhogings van die brandstofheffing en van die bo-belasting op sekere invoergoedere wat aanvanklik in Augustus 1988 ingestel is. Hierbenewens was die invordering van inkomste uit die algemene verkoopbelasting gedurende hier-

die tydperk aansienlik groter as in die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1988/89.

Tekort voor lenings

Die tekort voor lenings en skuldaflossings het in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1989/90 R3 887 miljoen bedra, wat R106 miljoen meer was as in die ooreenstemmende tydperk in 1988/89. Op hierdie vlak was die kumulatiewe tekort gedurende die vier maande tot Julie 1989 gelyk aan 39,1 persent van die tekort van R9 949 miljoen wat in die Begroting van Maart 1989 vir die fiskale jaar in sy geheel in die vooruitsig gestel is.

In vergelyking hiermee het die tekort in die eerste vier maande van fiskale jare in verhouding tot die totale *werklike* tekorte gedurende die betrokke fiskale jare oor die voorafgaande vyf fiskale jare gemiddeld 61,6 persent beloop. In die huidige, betreklik vroeë, stadium van die fiskale jaar 1989/90 dui hierdie inligting dus sterk daarop dat die uiteindelike tekort vir die fiskale jaar 1989/90 moontlik laer gaan wees as waarvoor in Maart 1989 begroot is. 'n Begrotingsoorskot is in werklikheid, vir die eerste keer in enige Julie-maand in die afgelope vyftien jaar, gedurende Julie 1989 aangeteken. Die tekort van R3 887 miljoen vir die vier maande tot Julie 1989, en die diskonto van R1 142 miljoen op nuwe uitgifte van staatseffekte, is uit die volgende bronne gefinansier:

	R miljoene
Openbare Beleggingskommissarisse	1 196
Nie-bank- private sektor	5 496
Banksektor:	
Korporasie vir Openbare Deposito's	2 150
Ander banke	-3 704
Buitelandse sektor	-109
	5 029
<i>Min:</i> diskonto op staatseffekte	1 142
Totale finansiering	3 887

Skatkisrekeningtekort

